

Brambles

Beleid oor die omgewing

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

BELEID OOR DIE OMGEWING

Een van Brambles se gedeelde waardes is dat ons altyd met integriteit en respek vir die gemeenskap en omgewing sal optree. Brambles is daartoe verbind om geen skade nie na te jaag, wat beteken geen beserings en geen omgewingskade nie. Ons doel is om vernuwende, doeltreffende en volhoubare sakeoplossings in ondersteuningsdienste aan ons klante te verskaf. Ons vra alle werknemers om 'n proaktiewe benadering tot risikobestuur vir die omgewing te volg.

Dit is 'n minimumvereiste dat alle werksaamhede van Brambles aan alle toepaslike omgewingswetgewing en -regulasies (**omgewingsregulasies**) voldoen. Dit word van Brambles-werknemers verwag om hulself vertrouwd te maak met alle omgewingsregulasies wat hul individuele area van werksaamheid dek. Brambles sal ook stappe doen om werknemers in staat te stel om op die hoogte te bly van ontwikkelings in omgewingsregulasies en om die invloed van daardie ontwikkelings op operasionele praktyke te evalueer.

Daarbenewens verwag ons van alle werknemers om die volgende beginsels te aanvaar:

- Volg Brambles se handves oor geen skade nie, en dra by tot gesonde omgewingspraktyke in ons daaglikse werksaamhede;
- Verbeter die doeltreffendheid van ons aanwending van rou materiale en energie per eenheidsproduksie;
- Minimeer die generering van emissies en afval per eenheidsproduksie;
- Doen weg met onvermydelike afval op 'n verantwoordelike wyse;
- Minimeer sosiale impakte soos geraas en verlies van visuele gerief;
- Reageer op kwellings uit die gemeenskap oor die omgewing met integriteit, eerlikheid en respek;
- Wend Brambles se invloed in die voorsieningsketting aan om ons klante se omgewingsvoetspoor te minimeer;
- Soek verskaffers uit wat 'n proaktiewe benadering tot die bestuur van omgewingsrisiko's het en wat natuurlike hulpbronne verantwoordelik bestuur, en
- Vra ons kontrakteurs om aan dieselfde omgewingstandaarde as ons te voldoen.

Brambles stel prestasiedoelwitte oor die omgewing en doen in die openbaar verslag oor die bereiking van daardie doelwitte. Dit word van elke sake-eenheid verwag om behoorlike rekords te hou, vordering te monitor en akkurate verslae oor sy prestasies teenoor prestasiedoelwitte te verskaf.

Elke sake-eenheid moet verseker dat by hierdie beginsels gehou word, insluitend in lande wat dalk nog nie wetgewing vir die beskerming van die omgewing ingestel het nie. Bestuurders word verplig om 'n "perseelplan" vir risikobestuur oor die omgewing vir alle persele onder hul beheer te ontwikkel. Hierdie planne moet die volgende insluit, waar toepaslik:

- Gepaste inperking, berging en wegdoening van afvalstowwe en ander potensiële besoedelingstowwe;
- Die bestuur en monitering van emissies in die lug, uitskeidings van afvalwater en vrystelling van afvalstrome;
- Doeltreffendheid van wasfasiliteite en fasiliteite om stormwater in te perk;
- Die onderhoud en monitering van brandstofopgaartenks;
- Inperkingstelsels in geval van ongelukke soos brande, onklaarrakings en voertuigbotsings;
- Minimering van emissies van verfbespuiting;
- Vermindering van geraas en stof;
- Bewaring van visuele gerief;
- Voldoening aan regulatoriese en lisensiëringsvereistes, en
- Enige ander omgewingskwessies waarvoor die gemeenskap sensitief is.

Gereelde omgewingsoudits sal uitgevoer word om voldoening aan omgewingsregulasies en die implementering van hierdie beleid te evalueer. Bestuur moet ook 'n omgewingsomsigtigheidstudie uitvoer voordat tot die verkryging van eiendom oorgegaan word, wat 'n huurkontrak insluit.

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie beleid. Die groephef van volhoubaarheid het die daaglikse operasionele verantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde en gepaste opleiding ontvang.

Die groephef van volhoubaarheid, in samewerking met die raad, sal minstens een maal per jaar hierdie beleid uit 'n regs- en operasionele oogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skeep andersins een nie, en dit mag van tyd tot tyd gewysig word. Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die groephef van volhoubaarheid gerig word.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid. Brambles skeep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie beleid het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-hulplyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie beleid geopper word nie. Brambles is daartoe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.